

# **GRAAD 11: REKENINGKUNDE**

## **KWARTAAL 2 PROJEK**

### **VENNOOTSKAPPE: INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE INLIGTING**

**2020**

**TOTAAL : 50 PUNTE ( $75 \times \frac{2}{3}$ )**

**TYD: 1  $\frac{1}{2}$  URE**

*Hierdie projek bestaan uit (5) bladsye, hierdie een ingesluit.*

**VOORWOORD:**

Die voorbereiding van finansiële state is 'n kritiese finale stap in die rekeningkundige siklus. Dit bevat belangrike inligting oor die finansiële posisie en finansiële vordering van die onderneming en dien as waardevolle bron van inligting vir bestuur.

**FORMAAT VAN DIE PROJEK:****1. INLEIDING**

Die inleiding moet die volgende aspekte insluit:

- 'n Beknopte definisie van 'n vennootskap (2)
- Ten minste TWEE redes vir die stigting van 'n vennootskap (4)
- Die konsep van regs persoonlikheid (2)
- Die noodsaaklikheid vir en basiese samestelling van 'n vennootskapsooreenkoms (5)

**2. GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE STATE EN VOLDOENING AAN AARP EN IFVS**

- Verduidelik die noodsaaklikheid waarom daar aan die AARP en IFVS voldoen behoort te word. (2)
- Identifiseer ten minste DRIE belanghebbendes wat toegang tot die finansiële state van 'n vennootskap wil verkry. Voorsien 'n rede in elke geval. (6)

**3. ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE STATE**

**Verwys na die inligting van Zachele Handelaars vir die finansiël jaar geëindig 28 Februarie 2019 voorsien.**

**Verduidelikings, kommentaar of voorstelle vereis die aanhaal van relevante finansiële aanwysers wat bedrae, persentasies of verhoudings of vergelykings insluit ten einde die kwaliteit van die antwoord te versterk.**

- 3.1 Bereken die finansiële aanwysers aangedui deur (a) tot (d) by **Inligting C** hieronder. (13)
- 3.2 Lewer kommentaar op die winsgewendheid van die onderneming. Dui aan of die onderneming bekommerd behoort te wees oor die tendens. Haal DRIE finansiële aanwysers aan. (6)
- 3.3 Vennoot Zac is tevrede met die verbetering in die likiditeitsposisie van die onderneming. Haal DRIE finansiële aanwysers aan om hierdie opinie te ondersteun of teen te staan. (6)
- 3.4 Behoort die vennote tevrede te wees met die % opbrengs op gemiddelde ekwiteit? Verduidelik.

Een van die vennote is tevrede met sy % opbrengs, maar die ander nie. Bestudeer die nota vir privaatrekeninge asook die finansiële aanwysers. Identifiseer die vennoot wat, na jou mening, tevrede is en wie ontevrede is. Gee TWEE redes in elke geval. (9)

3.5 Die vennote het 'n strategiese besluit geneem deur die lening gedurende die huidige finansiële jaar te verhoog.

- Beskou jy dit as 'n wyse besluit? Verduidelik. Haal relevante finansiële aanwysers en/of getalle aan. (4)
- Identifiseer TWEE areas waar hierdie ekstra fondse moontlik aangewend is. (2)
- Verduidelik die voordeel (of nadeel) van hierdie ekstra kapitaal vir die onderneming. (2)

#### 4. VERWYS NA DIE PRIVAATREKENING NOTA

Bereken die volgende:

- Maandelikse salaris vir elke vennoot (2)
- Rente op kapitaal koers (3)

#### 5. SAMEVATTING

Die samevatting moet die volgende insluit:

- Wat hou die toekoms vir hierdie onderneming in (is dit volhoubaar)? (3)
- Bied die stigting van 'n vennootskap voordele (of nadele)? (2)
- Is dit sinvol / belangrik om finansiële state te ontleed en te interpreteer. Verduidelik. (2)

75 x <sup>2</sup>/<sub>3</sub>

**INLIGTING:**

C Cam en Z Zac is vennote in Zachele Handelaars. Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019 en vergelykende syfers vir 2018.

**ZACHELE HANDELAARS****A. Inligting uit die finansiële state vir die jaar geëindig 28 February:**

|                                               |  | <b>R<br/>2019</b> | <b>R<br/>2018</b> |
|-----------------------------------------------|--|-------------------|-------------------|
| Verkope (60% op krediet)                      |  | 3 900 000         | 3 200 000         |
| Koste van verkope (60% op krediet aankope)    |  | (2 500 000)       | (2 000 000)       |
| <b>Bruto wins</b>                             |  | 1 400 000         | 1 200 000         |
| Bedryfsuitgawes                               |  | (680 000)         | (660 000)         |
| <b>Bedryfswins</b>                            |  | 720 000           | 540 000           |
| Rente op lening                               |  | (104 000)         | (26 000)          |
| <b>Netto wins vir die jaar</b>                |  | 603 000           | 514 000           |
| <b>Vennote se Ekwiteit aan einde van jaar</b> |  | 1 585 000         | 1 835 000         |
| <b>Nie-bedryfslaste (lenings)</b>             |  | 800 000           | 200 000           |
| <b>Bedryfslaste</b>                           |  | 1 065 000         | 405 000           |
| Handelskrediteure                             |  | 500 000           | 380 000           |
| <b>Nie-bedryfsbates</b>                       |  | 2 130 000         | 1 930 000         |
| <b>Bedryfsbates</b>                           |  | 1 320 000         | 510 000           |
| Voorraad                                      |  | 930 000           | 300 000           |
| Handelsdebiteure                              |  | 250 000           | 210 000           |

**B. NOTA TOT FINANSIËLE STATE OP 28 FEBRUARY:**

|                             | <b>2019</b>   |               | <b>2018</b>   |               |
|-----------------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|
| <b>VENNOTE SE EKWITEIT</b>  | <b>C. CAM</b> | <b>Z. ZAC</b> | <b>C. CAM</b> | <b>Z. ZAC</b> |
| Kapitaal                    | 1 000 000     | 1 000 000     | 1 000 000     | 800 000       |
| Privaatrekening             | (325 000)     | (90 000)      | (85 000)      | 120 000       |
| Salaris van vennote         | 180 000       | 180 000       | 180 000       | 180 000       |
| Rente op kapitaal           | 50 000        | 50 000        | 50 000        | 40 000        |
| Aandeel in oorblywende wins | 39 000        | 39 000        | 32 000        | 32 000        |
| Bonus aan vennote           | 78 000        | 0             | 0             | 0             |
| Onttrekkings                | (240 000)     | (210 000)     | (250 000)     | (130 000)     |

**C. FINANSIËLE AANWYSERS bereken op 28 February:**

| NR. | AANWYSER                                 | 2019      | 2018      |
|-----|------------------------------------------|-----------|-----------|
| 1   | % bruto wins (winsopslag)                | 56%       | 60%       |
| 2   | % bruto wins op verkope                  | 35,9%     | 37,5%     |
| 3   | % bedryfsuitgawes op verkope             | (a)       | 20,6%     |
| 4   | % bedryfswins op verkope                 | 18,5%     | 16,9%     |
| 5   | % netto wins op verkope                  | 15,8%     | 16,1%     |
| 6   | Solvabiliteit verhouding                 | 1,8 : 1   | 4 : 1     |
| 7   | Bedryfsverhouding                        | (b)       | 1,3 : 1   |
| 8   | Vuurproefverhouding                      | 0,4 : 1   | 0,5 : 1   |
| 9   | Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk | 35,8 days | 40 days   |
| 10  | Voorraadomssetsnelheid                   | 4,1 times | 6,7 times |
| 11  | Skuld-ekwiteitverhouding                 | (c)       | 0,1 : 1   |
| 12  | % opbrengs op gemiddelde ekwiteit        | 36%       | 42%       |
| 13  | % opbrengs verdien deur Cam              | (d)       | 40%       |
| 14  | % opbrengs verdien deur Zac              | 29,4%     | 31%       |
| 15  | Rentekoers op lening                     | 13%       | 13%       |
| 16  | Rentekoers op vaste deposito             | 8,5%      | 8%        |